Breinvliesontsteking

Breinvliesontsteking is die inflammsie en swelling van die meninges. Dit is die membrane of vliese wat die brein en rugmurg bedek. Die inflammasie word gewoonlik veroorsaak as govolg van infeksie in die vloeistof rondom die brein en rugmurg. Breinvliesontsteking word gewoonlik veroorsaak deur bakteriële of virale infeksie , maar kan ook wees as gevolg van beserings, kanker of sekere medisyne. Dit is egter baie belangrik om te weet wat die oorsaak van die breinvliesontsteking is aangesien die behandeling afhang van die oorsaak.

Sanofi Pasteur het onlangs ‘n nuwe immunisering teen breinvliesontsteking bekend gestel. Die MCV (Meningococcal Conjucated Vaccine) is nie dieselfde as die PCV (Pneumococcal Conjugated Vaccine) nie. Die PCV is deel van die verpligte immuniseringskedule en is baie belangrik, maar die MCV dek ander organismes wat baie ernstige breinvliesontsteking kan veroorsaak. Dit word tans in die privaat immuniseringskedule ingesluit op 9 maande met ‘n versterker op 12maande. Kinder ouer as 2jaar wat nog nooit met MCV geimmuniseer is nie, kry net 1 dosis. Voorkoming is beter as behandeling, veral in vandag se tyd...